

# Dag 2

# Die Mier en die Sprinkaan

Op 'n dag het 'n sprinkaan in die gras rondgespring.
Terwyl hy spring, sien hy 'n mier verbyloop.
Die mier werk baie hard om 'n blaar vol kos te trek.
Die sprinkaan vra die mier: "Waarom werk jy so hard om die kos te dra? Kom speel saam met my!"
"Ek kan nie speel nie," sê die mier. "Ek dra kos na my miershoop, sodat ek kan eet wanneer die winter aanbreek!" "Dit is so dom!" sê die sprinkaan. "Die winter is ver weg. Ek gaan rus en speel!"
Terwyl die mier hard werk, speel en rus die sprinkaan.
Kort voor lank kom die winter en die sneeu bedek al die voedsel op die grond. Die mier het na sy huis gegaan.
Die sprinkaan het koud begin word en baie honger geraak.
"Ek sal die mier vir kos vra," dink die sprinkaan.
Hy is na die mier se huis om kos te vra. "Ek kan nie van my kos gee nie!" sê die mier. "Waarom het jy nie jou eie kos gestoor terwyl dit warm was nie?"
"Ek het nie tyd gehad nie!" sê die sprinkaan. "Ek was te besig om te speel en te rus!" "Dit lyk of ek toe nie dom was nie," sê die mier en gaan terug na sy huis.


(c) www.myklaskamer.co.za [2019]

Vrae:
Waarom moet jy voorberei vir môre?
Watter les het die sprinkaan geleer?
Dink jy die mier mos sy kos gedeel het?


Les van die verhaal:
Daar is 'n tyd vir werk en 'n tyd vir speel!
Net omdat jy nie op die oomblik dink dat iets belangrik is nie, beteken dit nie dat jy dit moet ignoreer of uitstel nie.
Dit is goed om pret te hê, maar maak seker dat jou werk voor dit klaar is!
Wees altyd voorbereid op wat voorlê!

Onthou: Werk hard en speel hard!




(c) www.myklaskamer.co.za [2019]

# Kermis



Bakerville gaan Saterdag kermis hou!
Kom oud en jonk en kom geniet die dag.
Daar sal 'n springkasteel en ponie ritte vir die kinders wees.
Daar sal ook kosstalletjies wees soos hamburgers, kerrie en rys en nog vele meer.

Moet ook nie vergeet om in te skryf vir die pannekoekbak kompetisie nie. Inskrywings is R15 per persoon.
Die kompetisie begin half twee die middag.
Die wenprys is R500.





Wanneer: 25 Junie

Tyd: 10 uur

Waar: Bakerville






(c) www.myklaskamer.co.za (2020)

Bestudeer die advertensie en beantwoord die vrae.

1. Waaroor gaan die advertensie?

Bakerville se kermis.

2. Benoem die dag en datum van die kermis?

Saterdag, 25 Junie

3. Waar gaan die kermis gehou word?

Bakerville

4. Hoe laat begin die kermis?

a) 9 uur    (b) 10 uur    c) half 2

5. Noem 2 aktiwiteite vir die kinders?


Daar is 'n springkasteel en ponie ritte vir die kinders.

6. Noem twee kosstalletjies wat daar sal wees?

a) hamburgers en worsrolletjies

b) hamburgers en vetkoek

(c) hamburgers en kerrie en rys



7. Watter kompetisie gaan gehou word?


'n Pannekoekbak kompetisie.



(c) www.myklaskamer.co.za (2020)

8. Wat is die inskrywingsfooi vir die kompetisie?

a) R15 b) R50 c) R500




9. Hoe laat begin die kompetisie?

a) 9 uur b) 10 uur c) half 2

10. Wat is die wenprys vir die kompetisie?

a) R15 b) R50 c) R500




Teken 'n prent van die kermis.



(c) www.myklaskamer.co.za (2020)

# Meervoude met kort vokale.

'n Meervoud is wanneer ons wil aandui
daar is meer as een van iets is, bv. lemoen = lemoene




Die visse swem in die water.



Reël: Meervoude met kort vokale.

→ As die vokaal kort is verdubbel
die slot konsonant en 'n -e word bygevoeg


**bus = busse**



## Verander die woorde na die meervoud.

| | | | |
|---|---|---|---|
| grap | grappe | stem | stemme |
| stok | stokke | blik | blikke |
| klas | klasse | mus | musse |
| bril | brille | blok | blokke |

Let op dat al die woorde 'n kort vokale klank het.





klinkers = vokale


(c) www.myklaskamer.co.za (2020)

Vir die pret

# 19 MEERVOUDE : KORT KLANKE



## DWARS

3. som somme
5. mol molle
6. bus busse
7. hek hekke
8. pen penne
11. tor torre
12. nul nulle
15. vis visse
16. blom blomme

## AF

1. bok bokke
2. blik blikke
4. mes messe
7. hen henne
8. pit pitte
9. nar narre
10. vel velle
13. les lesse
14. os osse

# Leestekens: Vraagteken & Uitroepteken

## Vraagteken



- Ons gebruik die vraagteken aan die einde van 'n vraagsin.

Wie, Wat, Waar, Wanneer, Watter en Hoekom is woorde wat wys dat dit 'n vraagsin is.

→ Waar is Jan?



## Uitroepteken

- Ons gebruik die uitroepteken na 'n uitroep woord bv. Hoera! Ag nee! Jippie! Pas op! Eina! Ai tog! Help!

→ Hoera! Ons het gewen.



- Ons gebruik ook die uitroepteken na 'n bevelsin.

→ Ben, kom dadelik hier!

## Skryf die sinne met korrekte leestekens.

1. help ek sien 'n spinnekop

Help! Ek sien 'n spinnekop.

2. bertus, bly dadelik stil en doen jou werk

Bertus, bly dadelik stil en doen jou werk!



(c) www.myklaskamer.co.za (2020)